Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die Lewende Torah is. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 13: *Sh'mot* – Name

Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Egipte ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom. Ex. 1:1[1]

Torah: Ex. 1:1 tot 6:1.

Haftorah: Jes. 27:6 tot 28:13 en Jes. 29:22 en 23

Nuwe Verbond: Luk. 5:12 tot 39; Matt. 22: 23 tot 33 en 41 tot 46. Hand. 3:12 tot 15; Hand. 5:27 tot 32; Hand. 7:17 tot 36; Hebr. 11:23 tot 26**.**

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 13 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Who you are tomorrow depends on what you do today. – Tim Fargo.

You say, "If I had a little more, I should be very satisfied." You make a mistake. If you are not content with what you have, you would not be satisfied if it were doubled. – Charles Spurgeon.

I believe the holier a man becomes, the more he mourns over the unholiness which remains in him. – Charles Spurgeon.

Holiness is better than morality. It goes beyond it. Holiness affects the heart. Holiness respects the motive. Holiness regards the whole nature of man. – Charles Spurgeon.

You will never glory in God till first of all God has killed your glorying in yourself – Charles Spurgeon.

To rejoice in temporal comforts is dangerous, to rejoice in self is foolish, to rejoice in sin is fatal, but to rejoice in God is heavenly – Charles Spurgeon.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

The great thing in this world is not so much where we are, but in what direction we are moving – Oliver Wndell Holmes

Torah Bespreking

Hersiening

Met ons Torahstudie van Genesis (*B'reisheet*) wat *in begin* beteken, het ons geleer van die begin van die skepping, die begin van die mensdom, die begin van 'n huwelik en huisgesin, die begin van sonde en dood en die begin van יהוה se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was. Hierdie begin was ook die uitkies van 'n volk volgens יהוה se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer. Ons voorvader Avraham was gekies as daardie begin!

In Genesis het ons geleer van יהוה as Skepper-God, maar Exodus is die begin waar ons יהוה gaan leer ken as Verbondsgod en gaan leer van God se instruksies, naamlik Sy Torah wat in wyer verband ook Sy onderrig en wysheid bevat vir 'n voorspoedige lewe!

In ons vorige Torahskriflesing, *Vayechi* (En hy het geleef), en dus die laaste van Genesis, het ons afskeid geneem van Ya'akov en van Yosef. Ons het ook aan die einde gekom van die geskiedenis van ons patriarge en matriarge, asook aan die einde van Yisra'el se verblyf in Mitzrayim. Die volgende stap in God se Raadsplan van herstel is om Sy uitverkore volk, deur die hand van Mosheh, te bevry van die slawejuk van Mitzrayim en volgens die belofte van die verbond met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov na die land Kena'an te neem (Gen. 15:13-21)!

Hierdie is die name!

Die tweede boek van Mosheh word in die *Tanakh* (ou verbond) in Hebreeus *Sh'mot* genoem en beteken *Name*. Dit is so genoem na aanleiding van die eerste twee Hebreeuse woorde van hierdie boek, naamlik: *we'elleh sh'mot,* wat vertaal word as: *hierdie is die name.*

Daarom word daar in Ex. 1:1-5 die name van die seuns van Jakob genoem, naamlik Re'uven, Shim'on, Levi en Y'hudah; Yissakhar, Z'vulun en Binyamin; Dan, Naftali, Gad en Asher. Al hierdie lewens wat uit Ya'akov se lendene voortgekom het, was sewentig siele, maar Yosef was reeds in Mitzrayim.

Die naam *Exodus* is 'n Latynse woord wat afgelei is van die Grieks *Exodos* wat *vertrek, inderhaas vertrek* of *uitgaan* beteken. Hierdie boek is in die tweede eeu voor Yeshua deur die vertalers van die Hebereeuse *Tanakh* in Grieks vertaal, bekend as die Septuagint, so genoem omrede dit hoofsaaklik handel oor Yisra'el se bevryding van die Egiptiese slawejuk, hulle uittog uit Egipte en hulle veertig jaar reistog in die wildernis.

Die jarelange blootstelling aan afgodery, asook die aanloklikhede van die Mitzrayimitiese samelewing, het waarskynlik Yisra'el se roeping as יהוה se uitverkore volk verdoof! Was Yisra'el besig om hulle identiteit te verloor? Het hulle die belofte van die beloofde land vergeet en vergeet dat hulle eindbestemming nie Mitzrayim was nie? Hierdie afleidings kan ons maak in die lig daarvan dat Yisra'el vir baie jare geen poging aangewend het om terug te keer na die beloofde land nie.

God se volk het geestelike slawe van 'n verdorwe samelewing geword lank voor hulle fisiese slawe van Mitzrayim geword het! Daarom moes יהוה ingryp en as te ware die "mat van gemaksug en voorspoed" onder Yisra'el uitpluk. God moes omstandighede in Mitzrayim skep wat Yisra'el sou dwing om weer op God se plan en doel te fokus!!

Die voorspoed in Mitzrayim het meegebring dat Yisra'el hulle geestelike erfenis vergeet het! Hulle het die belofte van die beloofde land verruil vir die materiële en vir die tydelike! Die nageslag van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov het hulle roeping en hulle eindbestemming as volk vergeet!

Hierdie behoort ook vir ons 'n les en waarskuwing te wees. Soos iemand tereg gesê het: *Assimilation poses a greater danger to the people of God than persecution*! Dit is in tye van verguising en teëspoed dat mense neig om saam te staan en om terug te keer tot יהוה. Dit is dan wanneer die geestelike belangriker word as die materiële! In tye van beproewing is ons identiteit as kinders van יהוה-God en ons verhouding met Hom die belangrikste.

Beproewinge is dikwels ook Vader se tugtiging en is daarom tye van selfondersoek en verootmoediging! Dit is 'n geleentheid om terug te draai na God en Sy Torah en seker te maak dat ons in die wil van God is!

Hierdie is die les wat Yisra'el geleer het en wat ons ook ter harte moet neem! Die einddoel van tugtiging is nie die straf nie, maar wel om die vader-kind-verhouding te herstel!! Vader het "verlang" om die verbondsverhouding wat met hulle voorvaders, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov bestaan het, te herstel! Daarom lees ons in die brief aan die Hebreërs (12:6-9) die volgende:

> **6** want יהוה dissiplineer hom wat Hy liefhet en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is."
> **7** Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie?
> **8** As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie kinders nie.
> **9** As ons ons vleeslike vaders, wat ons na die menslike liggaam dissiplineer, respekteer; hoeveel te meer is ons nie verskuldig om ons aan ons geestelike Vader te onderwerp nie en ons sal lewe?

Hierdie tweede boek van Mosheh is ook 'n sinnebeeld en bevestiging van redding en versoening alleenlik deur vertroue in יהוה en Sy onverdiende guns van Verlossing – die liefdevolle omgee van Vader-God soos in Yeshua, dié Gesalfde Een, openbaar gemaak is!

Hierdie verlossing en liefdevolle omgee van יהוה kan opgesom word in die woorde van Ex. 6:6-8, naamlik:

> **6** Sê daarom vir die seuns van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele.
> **7** Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete
> **8** en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is יהוה."

Exodus leer ons dat hierdie verlossing (redding) geskoei is op die beginsel van die sterwe van die onskuldige in die plek van die skuldige soos uitgebeeld word deur die pesaglam (paaslam) wat geslag was, en soos bespreek sal word in Torahskriflesing 15 (Exodus hoofstuk 12).

Bepeins of Bespreek

1. Hoe tugtig יהוה ons? Is dit ondermeer deur ons persoonlike omstandighede negatief te verander? Kan Vader ons wil verander of is ons wil soewerein? Ons moet ophou om die

teëstander (Satan) vir alle teëspoed en beproewinge te beskuldig! Ons moet onderskei wanneer is dit die wil van Vader-God en wanneer is dit ‘n aanval van die teëstander, en wanneer is dit weens verkeerde besluite wat ons geneem het. Teëspoed en beproewing vereis eerstens selfondersoek! Ons moet ook die hierdie wysheid van Charles Spurgeon onthou: *When your will is God’s will, you will have your will.*

2. Ons omstandighede kan in ‘n oogwink verander deur siekte, dood, ‘n ongeluk, ens. Volgens wêreldgebeure leef ons ook in tye waar omstandighede waaroor ons geen beheer het nie, oornag kan verander. Is ons gereed hiervoor? Is ons anker die materiële en gemaksugtigheid of is ons anker, ongeag ons omstandighede, die onverdiende guns in Yeshua ons Meester en ons verhouding met Vader en Sy Torah?

3. Voorspoed kan ook ‘n binding word en geestelike agteruitgang tot gevolg hê! First Fruits of Zion (2016) lewer die volgende kommentaar op hierdie Torahskriflesing:

   A person becomes accustomed to privileges and luxuries and begins to think of those things as necessities. Things that, at one time, he could not afford, and therefore did not worry about, become indispensable needs as he prospers. His own wealth and success become "golden handcuffs" from which he cannot escape. While we are in the service of materialism, our spiritual health inevitably suffers. Yeshua warned us, saying, "No one can serve two masters; for either he will hate the one and love the other, or he will be devoted to one and despise the other. You cannot serve God and wealth" (Matthew 6:24). Success, prosperity, and a comfortable life can become a spiritual prison of materialism from which it is difficult to escape. Are you wearing the golden handcuffs?

Bondige Oorsig van Exodus

- **Hoofstukke 1 tot 6:** Yisrael se behoefte vir verlossing (redding; bevryding). יהוה die getroue Verbondsgod.

- **Hoofstukke 7 tot 11:** Die mag en gesag van die Verlosser soos deur die tien plae gedemonstreer word, asook יהוה se onverdiende guns.

- **Hoofstukke 12 tot 18:** Die aard (wyse) van verlossing – יהוה se onverdiende guns van redding deur vertroue in die geslagde lam en in die bloed van die lam.

- **Hoofstukke 19 tot 24:** Die verbond by Sinai en die onderrig en instruksies in onpartydige opregtheid.

- **Hoofstukke 25 tot 40:** Die tabernakel en die onderrig in dienswerk, aanbidding en ‘n lewe van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, maar ook die gevolge van wantroue en ongehoorsaamheid!

Die Goeie Herder

Nadat Mosheh uit Mitzrayim gevlug het, het hy die kleinvee van sy skoonpa Yitro vir veertig jaar opgepas.

> Mosheh het sy skoonvader Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, se kleinvee opgepas. Ex.3:1

Sy jare as herder het hom voorberei vir die taak om as ‘herder’ vir יהוה se volk op te tree.

In die Afgesonderde Skrif word Yisra'el deurgaans vergelyk met 'n skaapkudde van יהוה. Yisra'el se leiers het altyd as die herder van hierdie kudde opgetree. Al Yisra'el se grootste leiers was skaapherders! Avraham, Yitz'gak en Ya'akov het almal kuddes van kleinvee besit. Ya'akov het as herder vir Lavan gewerk. Mosheh het Yitro se veekuddes opgepas. Dawid was herder van sy pa se kuddes gewees. Dit is daarom te verstane dat Yeshua na Homself as die goeie Herder verwys (Joh. 10:11).

> Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder. Die goeie Herder lê Sy lewe neer vir Sy skape.

Die Hebreeus vir herder is *ra'ah* [רעה – *resh* (kop van 'n mens), *ayin* (oog, te sien, te waak), *hey* (openbaarmaak]. 'n Herder is dus iemand wat waak hou met die doel om openbaar te maak! Die woord herder (*ra'ah*) omsluit ook die gedagte van *om kos te gee, om te laat wei* en om *te voed.* Byvoorbeeld: Jes. 40:11.

> Hy sal Sy kudde versorg (*ra'ah*) soos 'n herder (*ra'ah*); Hy sal die lammers in Sy arms bymekaarmaak en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.

Verwys ook 2Sam. 5:2b waar ons lees: *"Jy sal My volk Yisra'el oppas (ra'ah) en jy sal 'n heerser wees oor Yisra'el."*

'n Herder se taak is dus om te versorg, openbaar te maak (die wil van God) en te beskerm. Hiervolgens is dit duidelik hoekom daar so dikwels in die Skrif na die leiers van Yisra'el as herders verwys word.

Mosheh is 'n sinnebeeld van Yeshua die goeie Herder. Soos Mosheh die hele Yisra'el, asook die vreemdeling wat by Yisra'el aangesluit het, uit Mitzrayim gelei het, so het Yeshua gekom om die hele Yisra'el, naamlik albei huise, en die vreemdelinge wat by Yisra'el aangesluit het, van die slawejuk van sonde te bevry. Yeshua, dié Gesalfde Een het gekom vir die verlore skape! Hy het gekom dat die belofte aan Avraham dat in hom sal al die families van die aarde geseën word, vervul sou word (Gen. 12:3).

Die gelykenis van die afgedwaalde skaap in Luk. 15:4-7 skilder vir ons die prentjie van Yeshua as die goeie Herder wat vir elke skaap liefdevolle omgee het:

> **4** "Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle raak weg, laat nie die nege en negentig in die wildernis staan en gaan soek die een wat weg is totdat hy dit kry nie?
> **5** Wanneer hy dit kry, sit hy dit met vreugde op sy skouers
> **6** en wanneer hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat weg was.'
> **7** Ek sê vir julle dat daar dieselfde vreugde sal wees in die hemel oor een sondaar wat terugkom huis toe, méer as oor nege en negentig onskuldiges wat nie nodig het om huis toe te kom nie.

Met die gelykenis van die goeie herder in Joh. 10:1-16 bevestig Yeshua dat hy die goeie Herder van die hele Yisra'el is. Hy is die Hek na die skaapstal (Joh. 10:9) en Hy is die goeie Herder wat Sy lewe vir die skape aflê (Joh. 10:11). In Joh. 10:16 bevestig Yeshua dat Hy ook gekom het vir die skape van 'n ander kraal om ook hulle herder te wees sodat daar net een kudde en een Herder sal wees!

> maar Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook bring. Hulle sal ook na My stem luister en die ganse kudde sal een wees met een Herder.

Let op dat Yeshua verwys na een kudde en een Herder – daar sal nie twee kuddes met dieselfde Herder wees nie! Daarom het die twee huise van Yisra'el met die folterdood en opstanding van Yeshua weer verenig in een huis met een Koning en een Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek (ondermeer Heb. 7:11-21). En daarom is die Levitiese priesterorde vervang met 'n koninklike priesterdom wat bely dat dat Yeshua dié Gesalfde Een is (1Pet. 2:9-10)!

Let ook daarop dat dit die ander kudde (die vreemdelinge) is wat by die bestaande kudde aansluit. In hierdie gelykenis (Joh. 10:1-16) is dit Yeshua wat die vreemdelinge lei om deel te word van die kudde van Yisra'el – die goeie Herder bring die verlore skaap terug na die kudde! Hierdie is die patroon wat reeds in Exodus gevestig word, naamlik dat dit die vreemdeling is wat by Yisra'el aansluit. Daarom lees ons in Ex. 12:37-38 die volgende:

> **37** Die seuns van Yisra'el het van Ra'amses na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders.
> **38** 'n Gemengde menigte van mense het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermate baie lewende hawe.

Yisra'el en ons (nie-Jode) was almal soos dwalende skape, maar nou deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een tot versoening met יהוה-God het ons almal teruggekeer na die Herder en Opsiener van ons siele (1Pet. 2:25). Die Herder en Opsiener van ons siele het ons so liefgehad dat Hy die 99 ander 'skape' gelaat het om elkeen van ons op sy skouers op te tel en terug te neem na Sy kudde!

Bepeins of Bespreek

1. Soos bespreek is 'n herder se taak om die kudde – die gemeente – te versorg, te leer en te beskerm teen misleiding. Hedendaagse geestelike leiers word ook as herders van die gemeente beskou. Die vraag is egter of hierdie herders aan die vereistes van 'n goeie herder voldoen, of is sommige die huurlinge waarvan in Joh. 10:12-13 gepraat word? Lees die profesie in Esegiël hoofstuk 34 aangaande die herders. Is hierdie profesie op sommige bekende hedendaagse herders van toepassing? Indien wel, in watter verband? Voorbeeld: Eseg. 34:2-4 – Is daar nie hedendaagse herders wat hulself verryk deur die evangelie nie? Maar wat van 1Kor. 9:14 en ook verwysend na Matt. 10:10 en Luk. 10:7? Mag ons handeldryf met die Woord van God (2Kor. 2:17). Die volgende kommentaar op hierdie Skrifgedeelte gee goeie insig:

   > *It is not that they should grow rich, or lay up treasures, or speculate in it, or become merchants, farmers, teachers, or bookmakers for a living; but it is that they should have such a maintenance as to constitute a livelihood. They should be made comfortable; not rich. They should receive so much as to keep their minds from being harassed with cares, and their families from want not so much as to lead them to forget their dependence on God, or on the people. Probably the true rule is, that they should be able to live as the mass of the people among whom they labour and live; that they should be able to receive and entertain the poor, and be willing to do it; and so that the rich also may not despise them, or turn away from their dwelling.* [Albert Barnes – Notes on the Bible]

Sinnebeelde in Exodus

Wanneer ons die boek van Exodus (*Sh'mot*) bestudeer, moet ons verstaan dat dit propvol sinnebeelde (skadubeelde; heenwysings) is. Dit, tesame met die wete dat die einde deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:9-10), help ons om יהוה se verlossingsplan en Sy plan om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig beter te verstaan, asook ons elkeen se rol in die verband.

Die volgende is van die vernaamste sinnebeelde wat in die boek van Exodus voorkom.

- Mitzrayim is ‘n sinnebeeld van die wêreld, die plek van sonde en waar ons as ‘slawe’ van die sonde gevange gehou word tot ons deur vertoue in Yeshua as die Lam van God en deur die bloed van die Lam verlos (bevry) word.

- Farao is ‘n sinnebeeld van die teëstander (Satan), die “opsigter” van dwangarbeid” wat יהוה se volk in alle opsigte teëstaan en wil vernietig.

- Farao se towenaars is ‘n sinnebeeld van demoniese magte, wat met Satan meewerk en ook deur tekens en wonders mense kan mislei.

- Mosheh is die profetiese sinnebeeld van Yeshua se eerste koms – die Verlosser van יהוה se volk van die slawerny van sonde en van die mag van die vyand (Satan).

- Die bloed van die lam aan die deurkosyne is ‘n sinnebeeld van die kosbare bloed van Yeshua aan die folterpaal.

- Die deurtog deur die Rooisee is ‘n sinnebeeld van die eenwording met Yeshua in Sy dood en opstanding soos uitgebeeld word deur die doop (onderdompeling). ‘n Sinnebeeld van die sterwe van die ou mens en die begin van ‘n nuwe lewe in Yeshua.

- Die wolkolom is ‘n sinnebeeld van die Afgesonderde Gees – die vulling met die Gees en ‘n lewe deur die Gees.

- Die tog in die wildernis is ‘n sinnebeeld van die versoekinge en beproewinge van ons geloofswandel en van ons vertroue in יהוה se voorsieninge en beskerming.

- Die gee van die Torah (die wet) is ‘n sinnebeeld van gehoorsaamheid as verbondskinders van יהוה deur die onverdiende guns in Yeshua ons Meester – die Lewende Torah.

- Die tabernakel is ‘n sinnebeeld van יהוה se verlossingsplan deur Yeshua dié Gesalfde Een, asook hoe om God te dien en hoe om tot geestelike volwassenheid in Yeshua te groei.

In 1Kor. 10:1-4 vind ons bevestiging dat die boek van Exodus, asook die boeke van Levitikus, Numeri en Deuteronomium, geestelike waarhede van God se Raadsplan bevat wat in die nuwe verbond vervul en bevestig word. Maar dit dien ook as waarskuwing dat ons nie dieselfde foute as Yisra’el van ouds moet maak nie (1Kor. 10:5-11).

Bepeins of Bespreek

1. Hoe is die beeldspraak wat in *Sh’mot* (Exodus) gebruik word op jou lewe van toepassing? Byvoorbeeld: Het יהוה Yeshua jou van jou ‘Egipte’ en van jou ‘Farao’s’ bevry? Loop jy in oorwinning in die wildernis van die lewe? Het jy deur die Rooisee getrek? Is jy dag en nag ‘toegemaak’ onder die wolkkolom? Volg jy God se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is nougeset?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.